

## **TRANSFORMASIE INISIATIEWE WAT DEUR SSK INGESTEL WORD**

### **1. DEFINISIES**

In hierdie dokument het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenis soos onder uiteengesit en dra verwante uitdrukkings ooreenstemmende betekenis tetsy uitdruklik anders bepaal of deur die konteks aangedui –

- 1.1 “**Goedkeuringsdatum**” beteken 31 Maart 2024;
- 1.2 “**HDP’s**” beteken histories benadeelde persone soos gedefinieer in artikel 3(2) van die Mededingingswet, nr. 89 van 1998, welke artikel bepaal dat iemand ’n histories benadeelde persoon is, indien daardie persoon –
  - 1.2.1 een van ’n kategorie van individue is wat, voordat die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993), in werking getree het, benadeel is deur onregverdige diskriminasie op die grondslag van ras;
  - 1.2.2 ’n vereniging is, waarvan die meerderheid van lede individue is na wie in klousule 1.2.1 verwys word;
  - 1.2.3 ’n regspersoon is, behalwe ’n vereniging, en individue na wie in in klousule 1.2.1 verwys word, ’n meerderheid van die uitgereikte aandelekapitaal of ledebelang daarvan besit en beheer en in staat is om ’n meerderheid van die stemme daarvan te beheer; of
  - 1.2.4 ’n regspersoon of vereniging is, en persone na wie in klousules 1.2.1, 1.2.2 of 1.2.3 verwys word, ’n meerderheid van die uitgereikte aandelekapitaal of ledebelang daarvan besit en beheer en in staat is om ’n meerderheid van die stemme daarvan te beheer.
- 1.3 “**SSK Lidmaatskap Bystandsfonds**” beteken ’n fonds daargestel deur SSK om HDP’s by te staan om die aangewese 4000 aandele in SSK te bekom indien hulle vir SSK lidmaatskap kwalifiseer.

### **2. TRANSFORMASIE INISIATIEWE**

SSK sal die volgende stappe te neem in ’n poging om die aantal HPD’s in die geleedere van SSK lede te verhoog -

- 2.1 SSK sal alle redelike stappe neem om soveel as moontlik geskikte kandidate in die bedieningsgebied van SSK te identifiseer. Hierdie stappe sal geneem word oor ’n periode van 3 (drie) jaar met effek vanaf die Goedkeuringsdatum;
- 2.2 SSK sal minstens 3 (drie) keer per jaar lidmaatskap werwings geleenthede hou tussen die landbouers geïdentifiseer as ’n resultaat van die pogings beskryf in klousule 2.1. Hierdie lidmaatskap werwings geleenthede sal uitgevoer word vir ’n periode van 3 (drie) jaar vanaf die Goedkeuringsdatum;
- 2.3 SSK sal geskikte kandidate aanmoedig om aansoek te doen om SSK-lidmaatskap en sal bevorderlike omstandighede skep vir die geskikte kandidate om te kan kwalifiseer (deur, byvoorbeeld hulp te verskaf met invul en aanstuur van aansoekvorms en ondersteunende dokumente en/of inligting); en
- 2.4 SSK sal kwalifiserende kandidate van befondsing voorsien deur middel van die SSK Lidmaatskap Bystandsfonds.

Geliewe Andre Joubert by [andre.joubert@ssk.co.za](mailto:andre.joubert@ssk.co.za) of 028 514 8600 te kontak, indien u kwalifiseer as ’n HDP en vrae het oor die voorgaande.